



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2016

BESIGHEIDSTUDIES

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe van Kwartaal 1 en 2.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in VOLSINNE wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer jy die vrae beantwoord.

AFDELING		VRAAG	PUNTE	TYD
A	Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B	VYF direkte/indirekte-tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)	2	60	30 minute
		3	60	30 minute
		4	60	30 minute
		5	60	30 minute
		6	60	30 minute
C	VIER opsteltipe-vrae. KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)	7	40	30 minute
		8	40	30 minute
		9	40	30 minute
		10	40	30 minute
	TOTAAL		300	180 minute

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 E.

- 1.1.1 Die eerste stap in die strategiese ontwikkelingsproses is die ...
- A assessering van 'n besigheidsposisie in 'n mark deur die gebruik van nywerheidsontledingstegnieke.
 - B formulering van 'n strategie.
 - C implementering van 'n strategie.
 - D evaluering van 'n strategie.
- 1.1.2 Die vermoë om ander te beïnvloed gebaseer op persoonlike sjarme en inspirasie word ... leierskapstyl genoem.
- A vrye teuels
 - B outokratiese
 - C charismatiese
 - D super
- 1.1.3 Volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, is voltydse werknemers geregtig op ... dae betaalde gesinsverantwoordelikhedsverlof gedurende elke jaarlikse verlof siklus.
- A 3
 - B 6
 - C 9
 - D 12
- 1.1.4 'n Probleemoplossingstegniek wat nie van deelnemers verwag om in dieselfde plek te wees nie:
- A Delphi
 - B Kreatiwiteit
 - C Leë stoel
 - D Kragveld
- 1.1.5 Indien Sipho Gumede ontslaan/afgedank was omdat hy gereeld laat was vir werk, was hy ontslaan op grond van ...
- A onbevoegdheid.
 - B bedryfsredes.
 - C aflegging.
 - D wangedrag.

- 1.1.6 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n sosiale verantwoordelikheid-program deur 'n besigheid geïmplementeer?
- A SWOT/SSGB-analise
 - B King-Kode
 - C Algemene Bestuur
 - D Probleemoplossingstegniek
- 1.1.7 Wie is gewoonlik verantwoordelik vir die werwingsproses wanneer 'n nuwe bemarkings-assistent in 'n besigheid benodig word?
- A Aandeelhouers
 - B Menslikehulpbronne bestuurder
 - C Bemarkingsdirekteur
 - D Besturende direkteur
- 1.1.8 Watter EEN van die volgende kan beskou word as 'n onetiese besigheidspraktyk?
- A Belastingontduiking
 - B Betaling van billike salarisse en lone
 - C Betaling van BTW op tyd
 - D Gelyke behandeling van werknemers
- 1.1.9 kan beskou word as die sleutel tot prestasie-verbetering.
- A Duidelike reëls en regulasies vir dissipline
 - B Hoë salarisse en lone
 - C Motivering
 - D Onderhandelings
- 1.1.10 Die beste manier om konflik in die werkplek op te los, is om die ...
- A betrokke werker te verplaas.
 - B betrokke werker te ignoreer.
 - C oorsake van konflik aan te spreek en op te los.
 - D betrokke werker af te lê.

(10 x 2) (20)

- 1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Aflegging; Tersiere; Produkontwikkeling; Bedanking; Sekondêre;
 Ekonomiese groei; Positiewe; Streng reëls; Sjarme; Negatiewe; Geen reëls

- 1.2.1 ... is wanneer nuwe produkte bekend gestel word om stadige, onproduktiewe produklyne te vervang..
- 1.2.2 ... is wanneer 'n indiensmeningskontrak vrywilliglik beëindig word deur die werknemer.
- 1.2.3 'n ... houding is 'n hindernis tot kreatiewe denke in die werkplek.
- 1.2.4 Die burokratiese leierskapstyl word gekenmerk deur ...
- 1.2.5 North Bank word in die ... sektor bedryf. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n begrip/afkorting uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 H.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	hanteer van werknemer/werkgewer griewe.	A	Kwaliteitsprestasie
1.3.2	idees wat oorspronklik en nuttig is om besigheidsuitdagings op te los	B	Insubordinasie
1.3.3	weerstand tot of uitdaging van outoriteit	C	Likwidasie
1.3.4	die proses van die omskakeling van alle besigheidsbates tot kontant om krediteure te betaal	D	KVBA/CCMA
1.3.5	assessering en analisering van prosesse, goedere en dienste om besigheidsprestasies te meet	E	Kreatiewe denke
		F	Kwaliteitbeheer
		G	Vaardigheidsontwikkeling

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Identifiseer die tipe besigheidstrategie wat op toepassing is op die volgende stellings:

- 2.1.1 Big Four Air sal met die aankoop van Blue Sky Air uitbrei.
- 2.1.2 Ulundi Groothandelaar bied hulle vleis aan teen 'n laer prys per kilogram as Meat Kleinhandelaar.
- 2.1.3 Global Platinum het 'n massiewe vermindering van werksmag geïmplementeer soos kommoditeitspryse tuimel.
- 2.1.4 ProCool, 'n sapvervaardiger, het onlangs twee hektaar landbougrond in Ceres bekom.
- 2.1.5 Mega Foods het 'n nuwe verspreidingsentrum in St Gallen, Switzerland gevestig. (5 x 2) (10)

2.2 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

WVO TOT DIE REDDING!!

Vier jaar na die eerste demokratiese verkiesing gehou was, is die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), (Nr. 97 van 1998) geïmplementeer. Hierdie Wet het ten doel, die verbetering van vaardigheidsontwikkeling deur verhoging van die belegging in onderwys en opleiding. Dit het 'n beroep op alle werkgewers gemaak om 'n proaktiewe rol te speel in die bou van vaardighede binne en buite die werkplek, terwyl hulle werkers aanmoedig om aan opleidingsprogramme deel te neem.

Die WVO het ook die fokus geherlei na die verkryging van 'n beleggingsopbrengs en versekering van gehalte onderwys en opleiding. Uiteindelik het dit die behoefte om die indiensnemingsvooruitsigte van voorheen benadeelde groepe te verbeter beklemtoon.

[Vertaal en aangepas uit *City Press*, 29/09/2013]

- 2.2.1 Haal aan VIER doelwitte van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling uit die artikel. (4)
- 2.2.2 Evalueer die impak van hierdie WVO op die werknemers. (10)
- 2.2.3 Beveel DRIE maniere aan waarop die besigheid aan hierdie Wet kan voldoen. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MADIBA BAY INVESTMENT (PTY) BPK. (MBI)

Dudu en David is werknemers in dieselfde afdeling by Madiba Bay Investment (Pty) Bpk. Hulle doen dieselfde werk, as skoonmakers, maar David verdien meer as Dudu. Sy is ongelukkig en eis dat sy dieselfde salaris as David moet verdien. Sy voel dat MBI nie aan die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 of 1998) voldoen nie.

2.3.1 Verduidelik die hoofdoel van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI) 1998 (Wet 55 van 1998) met spesifieke verwysing na Dudu se bewerings dat Madiba Bay Investment (Pty) Bpk. nie aan hierdie Wet voldoen nie. (8)

2.3.2 Identifiseer enige DRIE besigheidshandeling wat deur die WGI as diskriminerend beskou kan word. (6)

2.4 Strategiese bestuur is die proses van formulering, implementering en monitering van besigheidstrategieë in reaksie op die uitdagings van die makro-omgewing. Beskryf die strategiese bestuursproses wat deur besighede toepas kan word. (8)

2.5 Lees die artikel hieronder en ontwikkel 'n SSGB/SWOT-analise vir Solathiso Sotshongaye.

SKEP JOU EIE WERK: EEN STEEN OP 'N SLAG

Solathiso Sotshongaye het 'n graad in Publieke Bestuur aan die Universiteit van Tegnologie ontvang.

'n Jaar later kon hy nog steeds nie 'n werk kry nie, en het rondgekyk in sy eie buurt Flagstaff in die Oos Kaap en iets gevind wat dit kort kom. Daar is baie konstruksie wat in hierdie area plaasvind, maar die meeste mense reis 250km na Port Shepstone vir betonblokke. Hy het sy bestuursvaardighede en sy passie vir besigheid gekombineer en sy eie steenmakery begin.

Die eerste hekkie wat hy moes oorkom het was sy tekort aan kapitaal, omdat dit baie moeilik is om befondsing te verkry vir 'n nuwe besigheid. Hy het op 'n klein skaal begin deur sy eie spaargeld van R30 000 te gebruik.

Nadat hy R1,8 miljoen befondsing van die Nywerheidsontwikkelings-korporasie ontvang het, het hy onlangs begin om groot ysterwarewinkels te verskaf. Hy het nuwe masjinerie aangeskaf en het ses jong mense indiens geneem. In die toekoms wil hy poog om meer jong mense te bemagtig.

[Vertaal en aangepas uit *City Press*, 14 Februarie 2016]

(8)

[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BESTUUR EN LEIERSKAP)

3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

FAST EXPRESS LTD

Mandla werk by Fast Express Bpk., as 'n vragmotorbestuurder. Hy het 'n kode 10 bestuurderslisensie en toon groot belangstelling in sy werk. Na drie maande by die besigheid het Thuli, die eienaar van die besigheid, met Mandla sy toekoms by die besigheid met hom bespreek. Sy het hom gehelp om sy doelwitte te stel en om na maniere te kyk hoe om dit te bereik. Sy het hom meer verantwoordelikhede gegee en hom ook aangemoedig om addisionele bestuursvaardighede te ontwikkel.

- 3.1.1 Thuli is 'n tipiese voorbeeld van 'n bestuurder. Haal aan uit die scenario hierbo VIER redes om hierdie stelling te ondersteun. (4)
- 3.1.2 Onderskei tussen *leierskap* en *bestuur*. (12)
- 3.2 Bespreek die effek van persoonlike gesindheid in suksesvolle leierskap. (12)
- 3.3 Identifiseer die tipe leierskapstyl van toepassing op elk van die volgende stellings:
- 3.3.1 Leiers identifiseer dikwels 'n behoefte vir verandering, inspireer en motiveer spanlede om hul pligte uit te voer.
- 3.3.2 Leierskap laat ondergeskiktes toe om konflik te hanteer deur hul toe te laat om hul eie oplossings vir probleme te vind.
- 3.3.3 Verskillende leierskapkwaliteite sal effektief wees in verskillende situasies.
- 3.3.4 Administreer administrasie deur oormatige en dikwels onnodige reëls af te dwing.
- 3.3.5 Waardeer die opinies van werknemers, maar bly toegewyd tot die taak. (5 x 2) (10)
- 3.4 Tabuleer die verskille tussen outokratiese en demokratiese leierskapstyle. (12)
- 3.5 Analiseer die toepassing van die burokratiese leierskapstyl. (10)
- [60]**

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CELL C SE VELDTOG MISLEIDEND

Die Advertensiestandaarde-owerheid (ASO) het bevind dat die selfoonoperatuer/diensverskaffer Cell C se 4G-veldtog misleidend en oneerlik is.

'Die klaers het in wese gerapporteer dat die respondent se "4G"-logo oneerlik en misleidend is, omdat verbruikers dit kan verwar met die 4G-standaard netwerk.' Die ASO het in hul uitspraak gesê: 'Verbruikers het daaraan gewoon geraak om die term "3G" te assosieer met breedbandgeskikte toestelle in Suid Afrika, wat altyd spoed en konnektiwiteitsvermoë aandui.'

Cell C het sy konnektiwiteit as 'spoeddekking-4G' bemark in verskeie stede insluitend Port Elizabeth, Bloemfontein, Oos-Londen en Kaapstad.

[Aangepas uit *Marketing Media South Africa*, Nuusbrief, 11 Oktober 2010]

4.1.1 Beskryf wat met '*onetiese reklame*' bedoel word. (2)

4.1.2 Gebruik inligting uit die artikel hierbo om te verduidelik waarom Cell C se advertensie oneties is. (4)

4.1.3 Beveel VIER maniere aan waarop onetiese reklame aangespreek kan word. (8)

4.2

MONDELEZ INTERNATIONAL

Mondelez Internasionaal 'n toonaangewende peuselhappie reus glo dat dit 'n kritiese rol het om te speel in die volhoubaarheid van ons planeet.

Om hierdie beginsel te ondersteun, het hulle 'n R37 miljoen welstandsprogram van stapel gestuur (Gesondheid in Aksie) wat 75 000 leerlinge gaan bevoordeel in meer as 100 skole in die Oos-Kaap en Gauteng.

[Vertaal en aangepas uit *The Herald*, 30 Oktober 2015]

4.2.1 Definieer die term '*volhoubaarheid*'. (2)

4.2.2 Bespreek die verband tussen drievoudige sleutelaspekte (triple bottom line) en sosiale verantwoordelikheid van 'n onderneming. (6)

4.2.3 Analiseer VIER voordele wat gemeenskappe mag geniet deur korporatiewe sosiale (KSI) projekte. (12)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

XARO BPK.

Die visie van Xaro BPK., een van die wêreldse se grootste gediversifiseerde myngroepe, is geïnspireer deur 'n stelling wat deur die maatskappy se stigter gemaak is. Hy het gesê "Die doel van hierdie groep was nog altyd om 'n wins en 'n permanente bydrae tot die welstand van ons werknemers te maak."

4.3.1 Gee advies aan Xaro BPK. hoe om 'n bydrae te lewer tot die welstand van hulle werknemers.

(10)

4.4 Voltooi die onderstaande tabel deur die betekenis van respek en waardigheid en hulle onderskeie implikasie op die besighede te gee.

	Betekenis	Implikasie op besighede
Respek	4.4.1	4.4.2
Waardigheid	4.4.3	4.4.4

(4 x 2) (8)

4.5 Beveel VIER maniere aan waarop 'n besigheid 'n omgewing kan skep wat vir kreatiewe denke bevorderlik is.

(8)

[60]

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

VAKATURE: SENIOR ADMINISTRATIEWE KLERK

Ons het 'n posisie beskikbaar vir 'n administratiewe klerk. Slegs kandidate met minste twee jaar ondervinding in administratiewe werk en opspoorbare verwysings benodig om aansoek te doen.

Die suksesvolle aansoeker:

- Moet syfervaardighede hê
- Moet rekenaar geletterd wees
- Moet oor die vermoë beskik om onderdruk te werk

Besoek ons webtuiste/weeklikse koerant vir volledige besonderhede van ons vakatures:

www.broad.web.co.za

Faks asseblief jou C.V. aan Broad Onderneming @ 0861 455 6785

Sluitingsdatum 31 Mei 2016

Slegs die aansoekers op die kortlys sal gekontak word vir onderhoude.

5.1.1 Identifiseer die tipe werwing wat deur Broad Onderneming gebruik is. Motiveer jou antwoord. (4)

5.1.2 Bespreek VIER voordele van hierdie tipe werwing. (8)

5.1.3 Onderskei tussen posbeskrywing en pos-spesifikasie. (8)

5.2 Bespreek VIER redes hoekom 'n dienskontrak mag beëindig word. (12)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KUYASA ALGEMENE HANDELAAR

Kuyasa Algemene Handelaar koop brood direk van Woodlands Bakkery in Seaview, buite Port Elizabeth.

Eendag na 'n aflewering van Woodlands Bakkery, het mnr. Ben, die eienaar van Kuyasa Algemene Handelaar ontdek dat die brood oud was. Kuyasa Algemene Handelaar het Woodlands Bakkery onmiddellik in kennis gestel van die probleem, maar niks is daaraan gedoen nie. Woodlands Bakkery het baie verbruikers verloor as gevolg van hierdie probleem.

5.3.1 Adviseer Woodlands Bakkery oor hoe die deurlopende verbetering van prosesse en stelselsiklus die gehalte van hulle produkte kan verbeter. (8)

5.3.2 Bespreek hoe totale kliëntetevredendheid en die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels Woodlands Bakkery kan help om goeie gehalte brood te verkoop. (8)

5.3.3 Verduidelik die voordele van die implementering van 'n goeie gehalte beheerstelsel in Woodlands Bakkery. (12)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

6.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BODMAN MELKERY (DAIRY)

Peter Bodman, 'n melkboer in Bedford het gesê dat melkprodusente in die area sukkel om melk te produseer as gevolg van die droogte. Eskom het ook elektrisiteitsverhogings aangekondig en plaaswerkers verwag ook salarisverhogings gedurende hierdie finansiële jaar.

6.1.1 Identifiseer die sake sektor waarin Bodman Melkery bedryf word. Motiveer jou antwoord. (2)

6.1.2 Identifiseer enige TWEE uitdagings in die gevallestudie hierbo. Noem die omgewing waaraan ELKE uitdaging behoort asook die mate waartoe Bodman Melkery hierdie omgewings kan beheer.

LET WEL: VRAAG 6.1.2 moet volgens die opskrifte wat in die tabel hieronder gegee word, beantwoord word.

	UITDAGINGS	OMGEWING	MATE VAN BEHEER	
A	(1)	(2)	(1)	
B	(1)	(2)	(1)	
C	(1)	(2)	(1)	(12)

6.2 Noem DRIE tipes intensiewe strategieë wat besighede kan gebruik om uitdagings te oorkom. (3)

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

6.3 Evalueer die impak van transaksionele leierskapstyl in die werkplek. (8)

6.4 Stel DRIE redes voor waarom werknemers die laissez-faire of vrye teuels-leierskapstyl kan verkies. (6)

BESIGHEIDSROLLE

6.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DWELM EN DWELMMISBRUIK BEWERINGS

Drie werkers wat vermoedelik onder die invloed van óf dwelms óf alkohol was terwyl hulle aan diens was, was onmiddellik ontslaan/afgedank deur die bestuur. Dit het ernstige konflik, lae produktiwiteit en lae moraal onder die werksmag, tot gevolg gehad.

Die drie afgedankte werkers het geskrewe verklarings by hul unie ingedien waarin hulle beweer dat hulle nie dwelms of alkohol gebruik het terwyl hulle aan diens was nie.

Die maatskappy het met die unie vergader en is versoek om die afgedankte werknemers weer in diens te neem. Die maatskappy het geen beleid oor dwelm en dwelmmisbruik nie en het ook geen bewyse van 'n dissiplinêre verhoor of redes vir hul ontslag nie.

6.5.1 Identifiseer enige VIER redes vir konflik uit die bostaande scenario. (4)

6.5.2 Verduidelik die konflikresolusieproses wat die bestuur moet volg. (10)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

6.6 Definieer die term '*kwaliteitsprestasie*'. (2)

6.7 Bespreek hoe die gehalte van prestasie binne die volgende besigheidsfunksies sleutel tot 'n suksesvolle besigheid sal wees:

6.7.1 Algemene Bestuur (6)

6.7.2 Bemarking (6)

[60]

TOTAAL AFDELING B: 180

ADFELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Vier werkers van, Sovereign Voedsels, 'n pluimvee-producent geleë in Uitenhage, beweer dat hulle by die werk beseer is, en dat hulle nie 'n besering aan diens vorm ontvang het om te voltooi nie.

In terme van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1997 (Wet 61 van 1997) ('COIDA'), moet Sovereign Voedsels alle insidente rapporteer aan die Departement van Arbeid en die vereiste vorms binne sewe dae by die Vergoedingskommissaris indien.

[Aangepas uit *Die Herald*, 28, Julie 2011]

Met verwysing na die artikel hierbo:

- Verduidelik die aard van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes ('COIDA').
- Bespreek die regte van werknemers soos dit in die Wet uiteengesit is.
- Evalueer die ompak van hierdie Wet op besighede.
- Stel maniere voor waarop besighede aan hierdie Wet kan voldoen.

[40]

VRAAG 8: BESIGHEIDSOMGEWING (STRATEGIEË)

Wall Kleinhandelaars het 'n afname in verkope ervaar as gevolg van die verloor van kliënte aan hul mededingers. Die bestuur van Wall Kleinhandelaars het besluit om 'n beplanningssessie te hê om vorendag te kom met strategieë om hulle omset te verhoog en om meer kliënte te lok.

Verwys na die scenario hierbo en skryf 'n opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Formuleer TWEE moontlike strategieë wat Wall Kleinhandelaars kan insluit in hulle strategiese beplanning om die uitdagings in die scenario aan te spreek.
- Bespreek hoe Wall Kleinhandelaars 'Porter se Vyf Kragte model' kan toepas om hulle markomgewing te analiseer.

[40]

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE (KONFLIK EN MENSEREGTE)

Suid Afrikaanse besighede bestaan uit diverse groepe van mense; as diversiteit nie behoorlik bestuur word nie kan dit lei tot konflik in die werkplek.

Verwys na die stelling hierbo en gee aandag aan die volgende kwessies in die werkplek:

- Definieer die betekenis van '*diversiteit*' in die werksplek.
- Bespreek die voordele van 'n diverse arbeidsmag vir besighede.
- Verduidelik die moontlike oorsake van konflik.
- Stel verskillende maniere voor waarop besighede moeilike mense kan hanteer.

[40]**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHED (MENSLIKE HULPBRONNE)**

Jy is die Menslike Hulpbronne bestuurder van Mega Meubelhandelaar. Daar is 'n vakante pos vir 'n finansiële bestuurder en jy het alreeds die vakante pos geadverteer.

Verwys na die scenario hierbo en skryf 'n opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Verduidelik die keuringsproses wat gevolg word om die geskikste kandidaat te identifiseer
- Regverdig die aard van 'n induksieproses
- Beskryf in hooftrekke die plasingprosedure wat jy moet oorweeg wanneer jy die finansiële bestuurder in sy/haar nuwe posisie plaas

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300